Artikel van www.homeschooling-curriculum-guide.com

"Leer Afrikaans lees"

deur Willemien Krüger © Desember 2012

Om by die vorige artikel aan te sluit wat oor voorbereiding vir lees gegaan het vir ouderdomme voor 7 jaar oud, gaan hierdie artikel in meer diepte die spesifieke detail hanteer van hoe om Afrikaans te leer lees van ongeveer 5 of 6 jaar oud (as Afrikaans die huistaal is). As Afrikaans die tweede taal is, kan dit selfs eers gebeur na huistaal vlot gelees word. Hierdie is egter nie 'n formele leesprogram nie, want dit beskryf my eie ervaring met al my kinders wat al leer lees het. Ek moet erken dat ek nie kinders met leerprobleme gehad het nie, soos disleksia, ADHD, perseptuele probleme ens. wat dalk ekstra aandag mag benodig. Hierdie artikel neem ook aan dat 'n klomp perseptuele voorbereiding vir lees reeds gedoen is. Vir meer inligting hieroor, lees gerus die artikel "Voorbereiding vir lees."

Van die volgende aanhaling deur Ruth Strang "Reading is more than **seeing words clearly**, more than **pronouncing printed words correctly**, more than **recognising the meaning** of isolated word. Reading requires you to think, feel and imagine" is dit duidelik dat die leesproses sien, uitspreek en herkenning vaardighede insluit. Wat volg is 'n benadering wat ek gebruik het met sommige hulpbronne, maar meesal net gewone logika. Ek sal dit probeer opsom vir maklike begrip. Onthou altyd dat die fases kan oorvleuel bv. wanneer daar net 3 letters geleer is, kan 'n paar woorde gevorm word. Ek het persoonlik die meeste baat gevind by Ruth Beechick se boek genoemd 'A home start in reading' (deel van die boek The 3 R's) waar die stappe om 'n kind te leer lees verduidelik word in detail. Op hierdie manier het ek die logika agter die leesproses beter verstaan en kon daarom dit ook aanpas vir my eie gebruik. Met die gebruik van die boek, en die toevoeging van my eie idees, word die volgende fases en konsepte beskryf in die aanleer van Afrikaans :

Fase 1 : *Leer om die prentjies* (hoe dit lyk) *en klanke* (hoe dit klink) te memoriseer van die letters van die alfabet = fonetika.

- Hierdie fase is relatief maklik want net 23 uit die 26 beskikbare alfabet letters word gebruik in die Afrikaanse taal. (x, c en q word nie gebruik nie). As 'n letter 'n dag geleer word, sal dit net 'n paar weke neem, maar moenie haastig wees nie.
- Die doel is vir die kind om die klank verbandhoudende 'prentjies' te memoriseer, en klanke kan ook meer as een letter/letter kombinasie verteenwoordig bv. die klank 'k' kan ook as die letters 'k' asook 'tj' of selfs 'dj' geskryf word. Begin deur net die eenvoudige een letter klanke eers te leer voor die kombinasies.
- Moenie die alfabet volgorde volg in die leer van die letters nie – leer eers die letters wat maklik 'n woord(e) kan vorm bv. m,a,k,t (met hierdie 4 letters kan klomp Afr woorde gevorm word bv. ma, mat, mak, kam, tam, tak, kat)
- Om klanke te kan herken is sterk afhanklik van die woordeskat waaraan mens blootgestel is in die spesifieke taal, hoe anders gaan 'n kind weet hoe om 'n woord soos bv. 'engel' te klank (waar die 2 'e' klanke verskil met dieselfde prentjie)
- Klankkaarte vir die spesifieke taal (sien einde van hierdie artiekl vir die Afrikaanse klankkaarte) is baie waardevol om al die letter/klanke vir die taal te leer ken.
- Wanneer 'n nuwe letter geleer is, gebruik eenvoudige woord boekies (soos gewys) om die herkenning van woorde te oefen – laat die kind eers net die letter geleer vind in woorde en dan sê jy die woord hardop, met klem op die letter geleer. Soek dan vir verskillende woorde met die letter in sodat die kind kan sien dat soms is die letter aan die begin, soms in die middel en soms aan die einde.

- Hersien totdat al die klanke/letters herken en gememoriseer is.
- Lees gereeld hardop vir die kind en sluit in 'n verskeidenheid van boeke.

- Dit is sinvol om skryf oefen tesame met die aanleer van klanke/letters te leer, want dan sal die oefen van letters ook die herkenning daarvan aanhelp. Letters soos dit deur my een kind geoefen is, word gewys in sy notaboek.
- Begin met klein letters en daarna eers hoofletters.
- Oefen die skryf van letters in verskillende formate en style bv. groot in sand, op skryfbord, met kleure ens.

Fase 2 (oorvleuel fase 1 sodra woorde gevorm kan word met die geleerde letters) : *Leer dat die samevoeging van 'n paar letters (eintlik klanke) saam 'n woord vorm/klank* = klankinsmelting of samevoeging

- Soos hierbo genoem, sodra 3 of meer letters geleer is, kan die vorm van woorde begin bv. m,a,k,t (met hierdie 4 letters kan klomp Afr woorde gevorm word bv. ma, mat, mak, kam, tam, tak, kat)
- Vorm die woorde en klank die letters hardop en help die kind 'sien'/'hoor' dat die samevoeging van klanke 'n herkenbare woord maak bv. 'k' 'a' 't' maak die woord 'kat'

- Oefen met die spelboed Scrabble se klein lettertjies om kort woordjies te maak (soos gewys in foto)
- Hersien, hersien, hersien en stop die aanleer van letters in fase 1 ‘n ruk as die kind sukkel om te onthou. Gaan weer aan kind meer ontspanne is en onthou.
- Hou steeds aan met saamlees van woorde en prenteboeke, en moedig die kind aan om eenvoudige woorde te ‘lees’

Fase 3 : *Leer om woorde korrek uit te spreek* = dekodering

- Hierdie fase is soortgelyk aan die eerste fase, met net nog klanke (ingewikkelder) kombinasies by.
- Hier word die verskillende maniere van spelling klanke die doel met al die verskeidenheid van klinkers (vokale) en medeklinker (konsonante) pare beskikbaar in die taal.
- Leer elke item op verskeie maniere en hersien totdat die kind die klanke en spelling herken bv. ‘eu’, ‘ou’, ‘ng’
- Hierdie is ook waar die ‘heel woorde’ wat moeilik is om te klank aangeleer kan word bv. “ ‘n” en “die”
- Wees geduldig want hierdie fase kan langer neem as verwag.

Fase 4 : *Leer om vlot te lees met goeie begrip* = vlotheid

- Hierdie fase kan die langste neem (selfs jare), en dit sal beter word soos die kind aanhou lees. Hierdie fase is wat ek glo Gr1-3 se groot doel moet wees – om vlot te kan lees en skryf in gekose tale.
- Die doel is dat die dekodering vaardighede outomaties (vlot) moet raak sodat die kind naderhand eintlik die heel woorde lees en nie meer elke klank apart uitspreek nie.
- Minder maar meer gereeld is die beste benadering (5-10 minute per dag) - ‘elke dag ‘n bietjie’ werk beter as om te probeer om ‘n klomp werk een dag te doen en die ander dae niks.
- Een ding wat ek baie waardevol gevind het in die ondersteuning van leer lees is om my kinders se woordeskat uit te brei met die lees van nie-fiksie boeke oor ‘n verskeidenheid onderwerpe. Die hoofdoel in hierdie Fondasie fase jare, was dus nie om soseer al die feite te leer nie, as om woordeskat uit te brei soos wat my kinders ongewone en nuwe woorde ‘hoor’. Die lees van komplekse (groot) woorde was dus nooit ‘n probleem nie, want die kinders het genoeg klanke gehoor om die ‘klanke’ te kon raai in vreemde woorde. Ons het beurte gemaak in die lees van paragrawe, afhangende van hulle motivering en vaardigheid van die dag.
- Dit was ook waardevol om moeite te doen met die keuse van ‘goeie boeke’ vir hulle eie lees en ook vir wat hulle aan my moet voorlees. Dit impliseer dat in ons huis het ons nie net enigeiets gelees net om te lees nie, want die keuse van boeke is belangrik vir ons.
- Daar is ‘n gesegde ‘om te lees moet mens lees’ – so hou aan om vir jou kind voor te lees. Moenie ophou wanneer hulle self kan lees nie, want die brein het byna twee tot drie ure per dag nodig van die hoor van *gesofistikeerde linguistiese patrone* om ‘n goeie basis te skep vir die gebruik van daardie taalpatrone hetsy in verbale of geskrewe vorm.

In die mark huidig is daar ‘n paar Afrikaanse leer lees programme, en hulle sal verskil in wat jou smaak pas of nie. Die belangrike ding om te onthou is dat jy gemaklik daarmee moet wees en dit moet iets wees wat jy kan verstaan en uitvoer. Onthou ook dat kurrikulums aangepas kan word, bygevoeg kan word en selfs verander kan word om jou styl te pas. Uit ‘n behoefte aan ‘n omvattende en literatuurryke program vir my eie kinders, in samewerking met ‘n taalkundige, het ons die Omvattend Afrikaans reeks ontwikkel vir die Fondasiefase. Die Leer lees en skryf program is:

Omvattend Afrikaans Gr1 : http://www.homeschooling-curriculum-guide.com/omvattend-afrikaans-graad-een.html

Onthou dat jou voorbeeld en leefstyl ook beïnvloed hoe graag ‘n kind wil leer lees. As lees ‘n tydverdryf vir die ouers en ‘n manier van ontspan is, sal die kinders moontlik ook graag die ‘saamwees’ lees ding wil doen. Maar moenie vergelyk nie en moenie angstig raak oor hierdie basiese vaardigheid nie.

Op die volgende bladsye is die verskeidenheid van letters (wat deur die oë gesien word) wat geassosieer word met die verskillende klank (wat gehoor word deur die oor) soos aangedui. So kan mens sien dat bv. die letter ‘e’ kan 3 verskillende klanke hê en die klank ‘k’ het 5 verskillende letter kombinasies. [let net op dat die getikte ‘a’ is nie dieselfde vorm as die geskrewe een nie. Die ander letters lyk almal soos die geskrewe letters]

AFRIKAANS VOKALE KAART

‘a’

‘kat’

‘o’

‘mot’
‘môre’

‘u’

‘rug’

‘i’

‘vis’
‘myne’
‘hoër’

‘e’

‘hen’
‘lê’

‘ê’

‘perd’
‘skêr’

‘ie’

‘fiets’
‘idee’

‘ou’

‘kou’

‘ui’

‘muis’

‘eu’

‘seun’

‘oe’

‘boer’

‘ee’

‘veer’
‘reën’
‘vrede’

‘uu’

‘vuur’
‘vure’

‘oo’

‘noot’
‘glo’
‘voël’

‘aa’

‘skaap’
‘ma’
‘vlae’

‘eeu’

‘leeu’

‘oei’

‘koei’

‘ooi’

‘mooi’

‘aai’

‘kraai’

‘y’

‘myn’
‘trein’

AFRIKAANS KONSONANTE KAART